menlo-insig
7/2024

# Menlo kry 'n hart van goud!

**Wat is in 'n naam? Dié beroemde Shakespeare-vraag het mense al vir eeue aan die gons en nou word die Menlo-bodem met dieselfde vraag gekonfronteer.**

**Mnr. Kobus Hartman** is Menlo se splinternuwe en in sy 4 hartkamers huisves hy die volgende skatte:

- Mnr. Hartman het 'n diensbare hart wat sy onderwysroeping met dankbaarheid uitleef.
- Verhoudings lê hom na aan die hart. Mnr. Hartman stel sterk verhoudings as die lewensaar van 'n gesonde hart.
- Sy vrou, Jonél, en drie seuns, Jovan, Arno en Ignus, is sy hart se punt. Hulle harte klop tjoklits wanneer hulle tyd saam spandeer. Die aktiwiteite op die skool se buitekurrikulêre spyskaart laat hulle monde water en om buite te wees, gee vir hulle genot.
- Mnr. Hartman bring 'n skatkis van ervaring na die Menlo-bodem. Hy het eerstehandse kennis van die uitdagings en vreugdes wat die onderwys bied en vier vanjaar 'n belangrike mylpaal: 'n onderwysloopbaan van drie dekades!



Mnr. Hartman is in Heidelberg, in Gauteng, gebore en getoë. Hoërskool Villiers is sy alma mater en sy loopbaan as leerkrag het deur Hoërskool Akasia, Falcon Manor High School (Engeland) en Hoërskool Nelspruit gekronkel. Mnr. Hartman was sedert 2020 aan die stuur van sake by Hoër Landbouskool Boland en nou word hierdie ***gesinsman, onderwysman en hartman*** 'n Menlo-man.

Blaai gerus om, want op 1 April begin daar 'n nuwe hoofstuk in Menlo se verhaal.
Wat is in 'n naam?
Hierdie is 'n naam met

## Welkom in ons midde!

# DAGBOEK

**8/3**

Atletiek: AGN-kampioenskap
Seunshokkie: C-spanne
Seuns- en dogtershokkie: o. 19A Eagles Toernooi (Potchefstroom)
Tennis: Gerrie Berner Dogterstoernooi (Paarl) tot 9/3

**9/3**

Perdesport: Liga 2
Hokkie, Netbal & Rugby: Eldoraigne
Dogtershokkie: C-spanne Fees

**11/3**

Hokkie & Netbal: Oos-Moot (tuis)

**12/3**

Van Huyssteens Orators Festival (English)
Hokkie & Rugby: Oos-Moot (tuis)
Wêreldkennisaand: Juniors (Saal, 18:00 – 20:00)

**13/3**

Van Huyssteens Oratorsfees (Afrikaans)
Seunshokkie: B-spanne (Centurion, tuis)
Seunshokkie: C-spanne (PBHS, weg)

**14/3**

Van Huyssteens Oratorsfees (Tweetalig)
Seunshokkie: C-spanne

## MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.*

*Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.*

**Teks: Psalm 91:1-4**

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes.

Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.









# PARKIERAAD

## Graad 8-Parkieraad verkies

Baie geluk aan die volgende graad 8's wat tot die Parkieraad verkies is:

**Dogters:** Zea de Villiers, Elle Mentz, Eloise van Garderen, Inge Hattingh, Zuanique Butler, Philippa Geel, Vené Eloff, Hannah le Roux, Maia Smit, Alé Theron, Lané Heystek, Shiloh Snijders, Mieke du Plooy, Leané Gerber en Lara Moolman.

**Seuns:** Heindrich Coertze, Wihan Schalekamp, Jan Engelbrecht, Chris Naudé, Divan Heyl, Jacques Malan, Jonathan van der Merwe, Liam Fryer, Heinz Kunzman, Dylan Kraamwinkel, Mathys Knoetze, Christiaan Wilsenach, Niël van Zyl en Jacobus Nieman.



# AKADEMIE

## Olimpiese Pret op Menlo-bodem

Die Fransleerders het tydens die Franse-aand verlede week gewys dat die Menlo-bodem gereed is om 'n Olimpiese Spele aan te bied. Die tema van die aand, Les Jeux Olympiques, het die Parkies geïnspireer om nuwe kreatiewe hoogtes te bereik. Speletjies is herontwerp om leerders se kennis van Frans te toets, die vergooiput het hulle spierkrag uitgedaag en 'n geblinddoekte Napoleon moes hindernisse oorkom om homself met sy hoed te verenig; en dit boonop met die hulp van aanwysings in Frans! Die Parkies is die Internasionale Olimpiese Komitee een voor aangesien die Parkies se eetbare medaljes nêrens stof sal opgaar nie! Hartlik geluk aan die Parkies wat die pryse vir die bes geklede groep en groep met die meeste gees opgeraap het. Madame Nel is met rede trots op hierdie begeesterde Fransleerders!

Dit was nie net die Fransleerders wat aan Olimpiese koors gely het nie, maar ook die English learners en die rekenaargeletterde Parkies wat dapper genoeg was om 'n drie uur lange Olimpiade aan te durf. Waar deelname aan die Olimpiese Spele dikwels met sweet gepaardgaan, het die Parkies dit op 'n drafstap afgehandel. Nagenoeg 60 Parkies het hulle staal in die English Olympiad gewys, terwyl 400 blikslim Menloparkers aan die Science, Technology, Engineering and Mathematics (STEM) Olympiad deelgeneem het. Baie dankie aan me. Bantich (English) en me. Zaayman (STEM) vir hulle reëlings – die Insig sien daarna uit om oor die uitslae te berig.












# ALGEMEEN



## Dagboek asseblief die datum:
## 18 Maart 2024

Die beheerliggaamverkiesing kon nie vandeesweek afgehandel word nie aangesien daar nie 'n kworum by die vergadering teenwoordig was nie. Volgens die voorskrifte van die wet skuif die verkiesing na Maandag, 18 Maart 2024. Dit is nie nodig dat 'n kworum tydens hierdie geleentheid teenwoordig moet wees nie, maar alle Parkie-ouers word aangemoedig om asseblief 'n draai by die stembus te maak. Elkeen van die kandidate sal tydens hierdie geleentheid aan die kiesers voorgestel word. #weesdieverskil

# MUSIEK

## Verstaan jy die taal van musiek?

As musiek jou forté is, is hierdie kompetisie vir jou.




Musikale Parkies word versoek om kennis van die Yamaha Musiekkompetisie vir jong soliste te neem, die vingers en longe op te warm en sonder voorbehoud in te skryf.

Maak gerus 'n draai by mnr. Lourens de Jager vir meer inligting.

# ATLETIEK









## Menlo lewer vier Gauteng-atletiekkampioene op

Daar is nie baie skole in die provinsie wat met vier Gauteng-kampioene en ses goue medaljes by die Gauteng-kampioenskap spog nie! Dié versameling word boonop deur vyf silwer en twee brons medaljes gekomplementeer. Hartlik geluk aan die atlete en afrigters met hierdie uitsonderlike prestasie!

### Goue medaljes

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | 90 m-hekkies (o. 15) |
| | 300 m-hekkies (o. 17) |
| Alicia Khunou | Gewigstoot (o. 19) |
| | Diskus (o. 19) |
| Joshua Gerber | Diskus (o. 15) |
| Ronald Khunou | Diskus (o. 19) |

### Silwer medaljes

| | |
|---|---|
| Zané Loots | 400 m-hekkies (o. 17) |
| Johann Roelofse | 5 000 m (o. 19) |
| Joshua Gerber | Gewigstoot (o. 15) |
| Zanta Lourens | 1 500 m-hindernis (o. 15) |
| Ewan Lourens | 2 000 m-hindernis (o. 17) |

### Brons

| | |
|---|---|
| Gizelle Smith | Gewigstoot (o. 15) |
| Anneke Steynberg | 1 500 m-hindernis (o. 15) |

### Vierde plekke

Leon Stoltz & Ashlynn Nel

### Vyfde plekke

Merlé Janse van Rensburg

### Sesde plekke

Mia Botha

### Spesiale prestasies

| | |
|---|---|
| Gauteng-rekord | Alicia Khunou |
| Beste dogtersatleet | Alicia Khunou |
| Beste Seunsatleet | Joshua Gerber |

# MUURBAL

## Sewe Parkies tel onder die land se bestes!



Die room van skolemuurbal in Suid-Afrika was verlede naweek in Bloemfontein by 'n nasionale graderingstoernooi in die A- en B-liga in aksie. Die Parkies het uitstekend gevaar en na afloop van die toernooi spog die MMA met sewe spelers onder die land se top-25! Baie geluk!

Luzé Niemand (o. 19; A-liga): 18de
JD Smuts (o. 19; A-liga): 19de
Riaan Agenbacht (o. 16; A-liga): 23ste
Gustav Grosskopf (o. 16; B-liga): 12de
Melissa de Wet (o. 19; A-liga): 20ste
Joseph Myers (o. 16; A-liga): 11de
Conrad Ehlers (o. 16; B-liga): 7de

# SPOG

## Menlo is goud, silwer en brons!







Die rekords het onlangs behoorlik getuimel en die Insig berig vandeesweek oor verskeie Parkies se prestasies in sportsoorte buite skoolverband.

Kyli Rust en Gideon Fourie is twee Parkies wat altyd op hulle voete land. Kyli het onlangs die eerste plek in haar ouderdomsgroep en die algehele derde plek by die SA Cup vir Tuimel in Gqebera behaal.

Gideon Fourie het op sy beurt ook met die louere by die SA Cup Euro Trampolienkompetisie weggespring. Hy is boonop een van slegs twee gimnaste wat vir deelname aan die Afrika-kampioenskap gekwalifiseer het.

Janus de Villiers, Simeon Kruger en Isabel Skinner is 'n talentvolle trio wat hulle slag in water en op land wys. Die pas afgelope Gauteng-Noord-Tweekampkampioenskap was die ideale speelgrond waar Janus, Simeon en Isabel met hulle fiksheid kon pronk.

Tussen die drie van hulle spog hulle met goud (Isabel), silwer (Janus) en brons (Simeon). Wat die prestasie selfs meer merkwaardig maak, is die feit dat die driemanskap in die o. 19-kategorie deelneem, terwyl hulle o. 17 is!

Die skool wens vir Janus, Simeon en Isabel voorspoed vir die SA kampioenskap wat in Maart in Bloemfontein sal plaasvind toe!

# AKADEMIE




## Menlo-spelprinsesse dring deur na nasionale finaal

Lauren Malan en Anje Verwaard kan spel! Die twee taalvaardige Parkies het na die nasionale ronde van die Franse Spelling Bee deurgedring. Dit was egter nie kinderspeletjies nie! Deelnemers moes 100 Franse woorde leer, maar woorde is in Engels gevra. Die woorde moes desnoods vertaal word en korrek gespel word om punte aan te teken! Hartlik geluk aan Menlo se spelprinsesse en Madame Mia-Louise Nel. Menlo hou duim vas dat Lauren en Anje die knoop in die finaal sal deurhak.

# FIETSRY

## Parkies skop stof op met puik prestasie!

Beteken deelname aan die Downhill SA Kampioenskap dat daar slegs afdraandes op die roete is? Te oordeel aan die foto's hiernaas, moes die Menlo-fietsryers Arielle Behr (gr. 11) en Evert Maritz (gr. 8) verlede naweek veel meer as afdraandes trotseer.

Die kompetisie wat in die Paarl plaasgevind het, het deelnemers se vernuf en tegniese vaardighede tot op die been getoets, terwyl die toeskouers se senuwees behoorlik uitgemergel is.

Hartlik geluk aan Menlo se fietsryers wat uitstekend presteer het: Arielle met 'n tweede plek en Evert met 'n vyfde plek. Hierdie twee avontuurlustige sportsterre weet vir seker hoe om 'n afdraanduitdaging te tem! Die Insig het nie vandeesweek enige arms of bene in gips gewaar nie en is saam met Arielle en Evert opgewonde oor hulle prestasies.







# MARKPLEIN

STAAN 'N KANS OM

# NUWE VITZ TE WEN!

TOYOTA
LEAD THE WAY

DIENS OF KOOP NUWE/GEBRUIKTE VOERTUIG
BY NMI TOYOTA MENLYN

VANAF 1 MAART TOT EN MET 30 JUNIE 2024




*Colette Nel*
*New Cars Sales Executive*
*082 821 4252*

TERMES EN VOORWAARDES GELD | PRENTE WORD SLEGS VIR ILLUSTRATIEWE DOELEINDES GEBRUIK

NMi

# JPF AESTHETIC Studios

— MENLO —



No more hiding, no more covering up. ClearLift Laser tackles acne and acne scarring, empowering you to face the world with confidence and grace

**ONLY R1700 for Half Face!**



Before | After 2 Treatments | Before | After

Before | After | Before | After

jpf_aesthetic_studios
JPF Aesthetic Studios
408 Lynwood Road, Isa Carstens Academy - Ground Floor, entrance in Rosemary Road, Pretoria, South Africa

info@jpfaestheticstudios.co.za
www.jpfaestheticstudios.co.za
+27 60 041 8908
+27 12 004 0577

Scan the QR code to view our pricelist



# RAATH & SPIES PHYSIOTHERAPISTS

PR NR 0764701

**SPECIAL INTERESTS:**

- Sports & Orthopaedic Conditions
- Headaches & TMJ Dysfunctions
- Back & Pelvic Girdle Pain
- Ultrasound and Shockwave therapy available
- Core Strengthening
- Respiratory Rehabilitation

**Pelvic Girdle Dysfunctions:**

- Men's & Woman's Health Conditions
- Incontinence
- Pelvic Floor Muscle Strengthening
- Sexual Pain & Dysfunction Conditions

Hazeldean Office Park
687 Silver Lakes Road,
Avocet Corner, Ground Floor
Unit 6, Silver Lakes

**Practice Cell:** 084 804 5508
**Email:** raathandspiesphysios@gmail.com

Cecilia Raath • Marele Spies • Annika Vermaak

# KLARA'S CRUMBLES



TUISGEBAK
0662244446

ONDERSTEUN 'N PARKIE

